**HILLCREST HIGH SCHOOL**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**NOVEMBER 2019**

**EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Beantwoord AL die vrae**

4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**

5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**

6. **Me. Jordaan, Middleton, Meiring, Gilbert, Haluman en Ramdhani**

7. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

8. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**

9. **Skryf netjies en leesbaar.**

**Afdeling A: Begripstoetse**

**Vraag 1: Artikel**

Lees die leesstuk hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Graad 11's! Hier's waarom julle vanjaar net so ersntig soos jul matriekjaar moet opneem.**

Deur Saskia Hill. 20 Maart 2016



1. Dwarsdeur jou skoolloopbaan word matriek (gr.12) as die topjaar beskou en die jaar se uitslae volg jou jou lewe lank. Wat ouers en leerders egter nie besef nie, is dat graad 11 net so belangrik is, indien nie belangriker nie. Dit kan eintlik as die finale jaar beskou word, sê 'n deskundige op die gebied van onderwys.

2. "Daar is vyf redes waarom gr. 11-leerders dié jaar baie ernstig behoort op te neem en net soveel werk daarin moet sit soos wat hulle die volgende jaar doen," verklaar dr. Felitcity Coughlan, direkteur van die Onafhanklike Instituut van Opvoeding, die grootste en mees geakkrediteerde privaat verskaffer van hoër onderwys in Suid-Afrika.

3. Volgens haar is die voorlaaste skooljaar belangrik, want dit verskaf:

**A) Versekering**

"Die harde werk wat jy in gr.11 insit, kan beskou word as versekering indien iets in die toekoms sou skeefloop," sê Felicity. Daar is 'n toenemende getal instellings (studieorganisasies) wat voorlopige aanbiedings maak wat op jou gr.11 uitslae gegrond is, en baie van hulle sal jou steeds toelaat, al is jou matriek effens swakker. As jou uitslae in gr.11 egter swak is, is daar niks om op terug te val nie.

**B) Eksamenfokus**

Volgens Felicity stel onderwysers die gr.11-eksamenvraestelle só op dat dit die formaat en moeilikheidsgraad van gr.12 naboots. Dit beteken as jy jou gr.11-eksamen ernstig opneem, sal jy beter verstaan hoe jy doen en hoe gereed jy vir jou eindeksamen sal wees. Dit help jou om uit te werk waar 'n bietjie meer aandag nodig is. Vanjaar se eksamen verskaf 'n maatstaf vir hoe ver jy is en dit behoort beskou te word as deel van jou voorbereidings vir jou eindeksamen.

**C) Kans om te eksperimenteer**

Volgens Felicity gee gr.11 jou tyd om te eksperimenteer voor die beslissende tyd aanbreek. "Leer nuwe studeer-en stresbeheermetodes aan en eksperimenteer met goed soos studiegroepe en geheuekaarte, wat jy nog nie tevore gedoen het nie. As jy 'n verskeidenheid van studeertegnieke en -benaderings vind wat vir jou werk, sal jy gr.12 ingaan met 'n hersieningstelsel wat sal sorg dat jy jou heel beste lewer."

**D) Kans om met tyd te eksperimenteer**

As jy behoorlik op hoogte bly van hoe lank dit jou neem om verskillende soorte werk te leer, sal dit jou help om aanstaande jaar 'n akkurate studieplan op te trek. "As jy weet wat jou werktempo is, sal jy hersieningswerk kan doen met genoeg tyd wat reg van die begin af uitgewerk is sodat jou dae nie opraak voor jou werk opraak nie."

**E) Die kans om keuses vir ná matriek sorgvuldig te evalueer**

As leerders hul gr.11-uitslae en prestasies bepaal, is hulle in staat om beter besluite te neem rakende die rigting wat hulle ná skool wil inslaan, insluitend watter opsies beskikbaar is vir hulle, vir watter kursusse hulle moet inskryf en waar.

"Leerders moet van gr.10 al begin om hul 'punte' vir toegang tot hoër opleiding uit te werk, sê Felicity.

"Dit beteken hulle behoort die kursusse wat hulle wil volg en die uitslae wat hulle nodig het vir hul aansoek om aanvaar te word, deeglik na te vors. Leerders is dan in gr.11 in staat om te monitor hoe realisties hul aspirasies is en waar hulle nog meer werk moet doen; dit sal onsekerheid verminder wanneer hulle aansoek doen."

"Matriek begin nie in jou laaste skooljaar nie," gaan sy voort.

"Matriek is nie 'n eenjaar-gebeurtenis nie, maar eerder 'n twee jaar projek. As jy nou reeds begin om jou gedagtes op jou eindeksamen te fokus en die langtermyn-oorsig saam met 'n strategie aanwend, sal jy in staat wees om jou beste oor 18 maande te lewer wanneer jy jou eindeksamen skryf. Jy sal dan ook jou kanse om jou drome oor dit wat jy ná matriek gaan doen, aansienlik verbeter."

(Bron: https://www.netwerk24.com/huisgenoot/Jou-lewe/Ouerskap/graad-11's)

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1. Hoe word matriek deur jou hele skoolloopbaan beskou? (1)

1.2. Hoe lank sal jy met jou matriekuitslae sit?
Haal 3 opeenvolgende woorde aan as antwoord. (1)

1.3. In paragraaf 2 word daar verwys na 'n "deskundige".

Wat beteken die woord deskundige in hierdie konteks?

Kies die mees gepaste antwoord en skryf dan slegs die LETTER neer.

A. Iemand wat pas matriek klaargemaak het.
B. Iemand wat nie baie van onderwys weet nie.
C. Iemand wat baie van onderwys weet.
D. Iemand wat krities is oor onderwys. (1)

1.4.1. Hoeveel redes is daar volgens dr. Felicity Coughlan waarom graad 11 ernstig opgeneem moet word? (1)

1.4.2. Gee enige twee van die redes waarom dit, volgens dr. Felicity Coughlan, belangrik is om graad 11 ernstig op te neem. (2)

1.5. Haal EEN WOORD aan wat min of meer DIESELFDE beteken as jou <u>tweede laaste</u> jaar van skool. (1)

1.6. Kyk na die paragraaf: **Versekering**

Wanneer sal die harde werk wat jy in gr.11 insit as versekering beskou word?

Haal 'n sinsnede van 7 opeenvolgende woorde aan. (1)

1.7. Kyk na die paragraaf: **Versekering**

"Daar is 'n toenemende getal instellings (studieorganisasies) wat voorlopige aanbiedings maak..."

Noem 1 tipe studieorganisasie wat dalk voorlopige aanbiedings aan gr.11 leerders sal maak. (Jou eie antwoord) (1)

1.8. Noem 2 eienskappe van die gr.12 eksamens wat gr.11 eksaminators in hulle vraestelle naboots. (2)

1.9 Haal die korrekte Afrikaanse woord aan vir die eksamens wat jy aan die einde van gr.12 skryf. (1)

1.10. Kyk na: **Eksamenfokus**

Hoe sal dit jou help as jy jou gr.11 eksamens ernstig opneem? (1)

1.11. Noem 2 studiertegnieke waarmee jy kan eksperimenteer? (2)

1.12. Verduidelik hoekom dit in gr.11 belangrik is om te weet hoe lank dit jou neem om te studeer. (1)

1.13. Kies die KORREKTE woorde uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord neer.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

As jy nie weet wat jou werktempo is nie, sal jy dalk (oorgenoeg / nie genoeg) tyd hê om te hersien nie. (1)

1.14. Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A-D) langs die vraagnommer (1.14) neer.

Jy kan nie wag om in gr.12 te eksperimenteer nie, want dit sal dan dalk:

A. te vroeg wees.
B. te suksesvol wees.
C. te moeilik wees.
D. te laat wees. (1)

1.15 Die artikel verskaf heelwat wenke oor hoe om voor te berei tydens jou gr.11 jaar. Hier volg 'n lys van die wenke in 'n tabel. Rangskik hulle in die korrekte kronologiese volgorde.

Skryf slegs die letters (A-D) langs die vraagnommers (1.15.1 – 1.15.4) neer.

| | | |
|---|---|---|
| 1.15.1. | A | Jy moet jou matriek as 'n twee jaar projek beskou. |
| 1.15.2. | B | Weet wat jou werktempo is. |
| 1.15.3. | C | Begin in gr.10 om jou toegangs 'punte' uit te werk. |
| 1.15.4. | D | Jou gr.11 punte kan as versekering dien as dinge in matriek skeefloop. |

(4)

1.16. Haal 'n sinsnede van 7 opeenvolgende woorde aan wat aandui wat leerders in gr.10 moet begin uitwerk. (1)

1.17. Die volgende stelling in WAAR.

Haal aan om jou antwoord te bewys.

Matriek is volgens die artikel nie 'n twaalf maande intensiewe jaar nie. (1)

(24)

**SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B: EKSAMENTYD**




(Bron: Die Burger-spotprent:24 November 2015)

1.18. Hoe weet ons dat Darryl nie ‘n skoolleerder is nie? Gee 1 rede. (1)

1.19. Gee 1 van jou eie woorde om Darryl se voorkoms te beskryf. (1)

1.20. Watter maaltyd, dink jy, is Darryl se pa nog besig om te eet? (1)

1.21. Watter aanduiding is daar dat Darryl se ma geskok is om Darryl só te sien? (1)

1.22. Die moeilikheid by Darryl se studieorganisasie is nie nuut nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.23. Hoe weet ons dat Pa tipiese manlike aktiwiteite beoefen? (1)

(6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE maniere hoe jy nuwe vriende kan maak, in jou eie sinne op.
2. Skryf die maniere PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die maniere van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

## Maak só nuwe vriende

Dis interessant, maar tog ook hartseer, om te luister hoe sommige mense dit moeilik vind om vriendskappe te vorm en nuwe verhoudings te begin. Jy kan egter die volgende praktiese wenke volg wat jou kan help om nuwe vriendskappe of verhoudings te vestig:

Wees beskikbaar. Jy gaan nie mense ontmoet en nuwe vriende maak wanneer jy wegkruip nie.

Sluit aan by 'n vereniging of klub, want só gaan jy mense ontmoet waarby jy kan inskakel. Dis 'n lekker gemaklike manier om nuwe vriende te maak.

Jy kan egter ook vriende maak op enige ander plek. Knoop ‘n gesprek aan deur iemand te komplimenteer. Die persoon sal jou dalk bedank - dit was die aanknopingspunt. Dan sê jy iets neutraal wat julle in gemeen het en siedaar, jy het 'n kontak tussen jou en 'n ander mens gemaak.

Ontdek iets in iemand waarvan jy hou en bespreek dinge waaroor julle saamstem. Moenie dadelik in argumente en redenasies verval nie. Vind iets waarvan jy hou in die persoon en iets waaroor julle saamstem.

Wanneer jy vriende wil wen, leer om te gee. Ons wil so graag ontvang, maar dis eers wanneer jy gee dat jy die grootste vriende sal maak. Gee van jou tyd, energie en positiwiteit aan mense.

Moenie met 'n negatiewe houding loop en kla oor alles nie. Mense vind makliker aanklank by iemand wat positief is, lekker lag en gesels en met 'n optimistiese geaardheid die lewe aanpak.

Leer om te kommunikeer. Leer ontspan wanneer jy tussen vreemdelinge of ander mense is en gebruik geleenthede om 'n geselsie met 'n vreemdeling aan te knoop. Soos die gesegde lui “ 'n vreemdeling is maar net 'n vriend wat jy nog nie ontmoet het nie”.

**AFDELING C TOTAAL: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**TEKS D**



Vrouemaand-kompetisie

Bederf jouself of 'n spesiale vrou in jou lewe.

Staan 'n kans om 1 van 7 geskenkbewyse van R1500 by die spa van jou keuse te wen.

Stuur 'n SMS met die woord "Vrou" gevolg deur jou naam,adres en e-posadres na 34567 voor Saterdag 24 Augustus. Elke SMS kos R1.50

3.1. Kies die KORREKTE VOORNAAMWOORD uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Jy het dalk iemand (wie/wat) jy vir vrouedag wil bederf. (1)

3.2. Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Ek sal my (baie lam) skrik as ek die kompetisie wen. (1)

3.3. Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

'n Dag by 'n spa kan 'n (wonderlik) bederf vir enigiemand wees. (1)

3.4. Vul die KORREKTE VOORSETSEL in om die sin te voltooi.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Ek vra my vriendin ....... hulp om vir die kompetisie in te skryf. (1)

3.5. Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Nie (alles/almal) kan in hierdie kompetisie wen nie. (1)

3.6. Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Daar is baie (mense wat in Suid-Afrika woon) wat graag hierdie prys sou wou wen. (1)

3.7. Kies die KORREKTE SPELLING van die woord tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

In Suid-Afrika (vier/vuur) ons vrouemaand gedurende Augustus. (1)

3.8. Lees die volgende sin:

Ek gee die Spa-dag vir my ma met ‘n warm hart.

Word die woord “warm” in die sin hierbo DENOTATIEF of KONNOTATIEF gebruik?

Skryf net die vraagnommer en antwoord neer. (1)

3.9. Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Ek kan nie (belowe/glo) dat ek een van die sewe pryse gewen het nie. (1)

3.10. Wie is ‘n spesiale vrou in jou lewe? Verduidelik. (1)

**(10)**

**VRAAG 4**
**TEKS E:  STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

4.1. Verbind die sinne hieronder met die VOEGWOORD tussen hakies.

My Wiskundeboek is nie hier nie.  Jaco het dit geleen. (aangesien) (1)

4.2. Hoe word Neelsie se woorde in raampie 6 beklemtoon? (1)

4.3. Kyk na Meester se lyftaal in raampie 6.

Noem 1 aspek wat vir ons aandui dat hy woedend is. (1)

4.4. Herskryf die sinne in die INDIREKTE REDE.

4.4.1. Meester vra vir Neelsie : "Is jou boek hier?" (1)

4.4.2. Neelsie sê: "Ek het my boek by die huis vergeet." (1)

4.5. Verander die volgende stelsinne in VRAAGSINNE sodat die gedeelte wat vet gedruk is, die antwoorde van die vrae is.

4.5.1. **Neelsie se boek** is uit sy tas gesteel. (1)

4.5.2. Neelsie is in die moeilikheid **omdat hy nie sy boek by die skool het nie**. (1)

4.6. Verander die sin in die VERLEDE TYD.

Neelsie sit en droom gedurende klastyd. (1)

4.7. Herskryf die volgende sin in die DIREKTE REDE.

Neelsie sê dat hy sy huiswerk gedoen het, maar sy boek by die huis vergeet het. (1)

4.8. Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die stoel (waarop/op wat Neelsie sit, is stukkend). (1)

**(10)**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die koerantartikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**5.1. Lees die koerantartikel en beantwoord die vrae.**

## Bielie van 'n slang in tuin gevind

6 Augustus 2019
(https://maroelamedia.co.za/2019/08/06)
Tania Heyns

Al die 5.1. (inwoner) van Waterfall, wes van Durban, was geskok nadat 'n allemintige slang in hulle midde gevang is.

Die luislang, met 'n stewige gewig van 5.2. (31) kg en 'n lengte van 3,9m is Sondag deur 'n egpaar gewaar toe dit oor Linkweg geseil het. Die reptiel het onderdeur 'n hek van 'n huis geseil.

Die bekende slangvanger, Nick Evans, se 5.3.(help/hulp) is om 5.4. (18:00) ontbied.

Evans, van die KZN Amfibiese en Reptiel-beweging, het vertel dat dié slang die 5.5.(sterk) luislang is waarmee hy al ooit kennis gemaak het. "Sy is baie gesond en in 'n 5.6. (goeie) toestand. Wat 'n mooi spesie."

Volgens Evans kom die slang moontlik van 'n nabygeleë natuurreservaat. 'n Slang van dié grootte vreet moontlik dassies, klein 5.7.(bokke) en ja, selfs apies.

Die slang is verlede Woensdag in 'n vasgestelde gebied vrygelaat.



**TEKS F: KOERANTARTIKEL**

5.1.1. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Al die (inwoner) van Waterfall, wes van Durban was geskok nadat ‘n allemintige slang in hulle midde gevang is. (1)

5.1.2. Skryf die GETAL tussen hakies in WOORDE uit.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die luislang, met ‘n stewige gewig van (31) kg en ‘n lengte van 3,9m is Sondag deur ‘n egpaar gewaar toe dit oor Linkweg geseil het. (1)

5.1.3. Kies die KORREKTE woord tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die bekende slangvanger, Nick Evans se (help/hulp) is om 18:00 ontbied.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer. (1)

5.1.4. Skryf die TYD in woorde neer.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die bekende slangvanger, Nick Evans, is om (<u>18:00</u>) ontbied. (1)

5.1.5. Gee die OORTREFFENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Evans, van die KZN Amfibiese en Reptiel-beweging het vertel dat dié slang die (sterk) luislang is waarmee hy al ooit kennis gemaak het. (1)

5.1.6. Gee ‘n ANTONIEM vir die woord tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

“Sy is baie gesond en in ‘n (goeie) toestand. (1)

5.1.7. Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

‘n Slang van dié grootte vreet moontlik dassies, klein 5.7.(bokke) en ja, selfs apies. (1)

5.1.8. Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Die luislang is nog by Nick Evans. (1)

5.1.9. Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF.
**Skryf die hele sin oor**.

Nick Evans was daar om (seker maak) dat die slang veilig hanteer is. (1)

5.1.10. Verdeel die woord tussen hakies in LETTERGREPE.

Evans werk vir die KZN (Amfibiese) en Reptiel-beweging. (1)

5.1.11. Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die mense van Waterfall is baie trots .... Nick Evans. (1)

5.1.12. Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE tyd.

Nick Evans moet die luislang vang. (1)

5.1.13. Skryf die sin oor in die LYDENDE vorm.

Die egpaar sal die slang in Linkweg sien. (1)

5.1.14. Skryf die sin oor, BEGIN MET: Nick behoort...


Nick moet die slang in 'n natuurreservaat sit.

Nick behoort... (1)

**(14)**

5.2. Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



5.2.1. Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Susan se slaapkamer is baie (slordig/netjies). (1)

5.2.2. Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Susan is 'n (stad+meisie). (1)

5.2.3. Voltooi die sin hieronder.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Susan kyk na haar voorkoms in die .... (1)

5.2.4. Gee die KORREKTE DEELWOORD vir die woord tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die (glinster) son wat deur die venster skyn, verlig die slaapkamer. (1)

5.2.5. Skryf die volginde sin oor in die VERLEDE TYD.

Susan is besig om op haar skootrekenaar te werk. (1)

5.2.6. Verbind die sinne hieronder deur met die VOEGWOORD TE BEGIN.

Susan werk hard op skool. Sy behaal goeie punte.
Begin met: Omdat... (1)

**(6)**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**